RRSM0525pg107 2025/04/07 12:07



besonders is; Kuki Gallmann vir haar merkwaardige lewe; en Dalene Matthee uit dankbaarheid.

**Is daar 'n boek wat jy wens uit jou pen gekom het?**
Daar is 'n legio van hulle – te veel om op te noem.

**Hoe lyk 'n dag in jou lewe?**
Ek is nie 'n baie gedissiplineerde mens nie – maklik afleibaar vir 'n koffiekuier saam met 'n vriendin, maar as ek aan die skryf is en regtig "in-die-oomblik" is, is dit 'n straf om te moet kosmaak of inkopies te gaan doen.

**Wie is jou binnekring en waar woon jy?**
Ek en my man, Daan, woon al meer as 'n halfeeu in ons lekker huis in Pretoria en het deur die jare 'n heerlike vriendekring opgebou. Twee van ons kinders bly sommer naby en die derde een in Ballito, en ons kuier baie.

**Wat maak jou gelukkig?**
Ek is van nature gelukkig en lag maklik en baie, maar daar is tog magiese oomblikke wat 'n mens diep raak – die maan, bome, kleinkinders, nuwe tydskrifte, 'n vuurtjie en 'n glasie yskoue droë rosé.

**Afrikaans (as amptelike taal) is vandeesmaand 100 jaar oud. Watter Afrikaanse boek het die grootste indruk op jou gemaak en sal jy weer wil lees? En hoekom is die boek besonders?**
Omdat ek in Engels begin skoolgaan en lees het, het ek aanvanklik langtand Afrikaans gelees. Toe slaan Dalene Matthee my asem weg met haar sterk karakters, maar veral met haar beskrywing van die natuur en haar navorsing.

**Som jou boek vir ons op.**
*As klippe kon praat* is eintlik Annie se storie. Sy word deur haar oupa Nelis op sy plaas in die Laeveld op die oewer van die Olifantsrivier afgelaai met die hoop dat die geliefde en mooi omgewing haar hartseer sal genees.
'n Reeks gebeure tref Annie en speel 'n rol in haar groeiproses. 'n Sikloon, 'n herontmoeting met 'n ou vriend, 'n dogtertjie wat uit die rivier uitspoel, 'n Roemeense misdaadkartel wat na die kind se ma soek. 'n Vriendin wat kom kuier word saamgeweef om 'n kentering in Annie se gemoed en selfvergifnis by haar te bewerkstellig. Die besonderse atmosfeer van die Laeveld en die interessante geskiedenis daarvan is ook eintlik 'n karakter in die verhaal. Hierdie boek vertel van mense se emosies en hoe hulle hul ervarings hanteer. En natuurlik gaan dit ook oor die liefde.

DEUR ELNA ROSSOUW; FOTO'S: VERSKAF




## AS KLIPPE KON PRAAT

**CONNIE LUYT**
**FIKSIE 2024**
*Penguin, R320*




## OMBER

**LIZANNE GERBER KRUGER**
**FIKSIE 2024**
*Turksvy Publikasies, R350*

**Vriende vir altyd**
Die boek broei al jare in my kop omdat ek vriendinne het waarmee ek saam op skool was en nou nog kontak het. *Omber* is 'n storie oor vier skoolvriendinne wat in die jare tagtig saam was. Maar dit wat dáár met hulle gebeur het, is besig om hulle soos 'n spinnekopweb toe te spin. Vandag is hulle in hul vyftigerjare, maar steeds hou die verlede hulle terug.
Jy wonder hoekom Rosa toelaat dat haar man haar manipuleer. Hoekom Miranda 'n stryd teen kanker moet voer. Hoekom Brit in die misterie van die seksuele onderwêreld vasgevang is. Hoekom Juliette tussen die vier mure van haar huis met drie kindertjies en 'n man wat soos 'n skoenlapper in sy eie huis rondfladder, vasgevang is.
Rosa droom om uit haar huwelik te sweef. Miranda hou aan praat met die Brat Pack teen die muur van haar koffiewinkel. Juliette droom weer oor die atletiekbaan. Brit sukkel om 'n geheim baie ver van Rosa te hou.
***Lizanne woon op 'n plaas in Namibië saam met haar man en seuns.***




## DIE GAWE VAN GROEN

**ELMARIE DERCKSEN**
**ROMAN 2023**
*LAPA, R310*

**Gerugte van reën**
Die binneland is aan die doodgaan; droogte wurg die lewe uit alles wat eens mooi was. Gerugte bereik koning Ghatra, gerugte van 'n reënkoningin wat krag oor die waters het. As die stories waar is, kan Sati-met-die-Gawe sy koninkryk red.
Só word 'n kontrak vir 'n jong vrou se lewe gesluit. 'n Bruidskat word na Sati se pa gestuur en sy moet saam met Ghatra se manskappe die dorre binneland in reis.
Sati bevind haarself in die vreemde, op pad na 'n lewe wat sy haarself nie kan verbeel nie. Maar die jong soldaat Djimon, ontferm hom oor sy koning se nuwe bruid. Hy stap langs haar op die lang pad, dra vir haar veldblomme aan en wys vir haar waar die mooi in die ongenaakbare land wegkruip.
Wanneer die koning se planne vir haar duidelik raak, vind Sati uit daar lê iets meer agter die groot Groen wat in haar binneste groei.
***Elmarie is 'n skrywer en leraar by 'n NG Kerk. Die gawe van groen was verlede jaar op die kortlys van die Jan Rabie-Rapport-prys vir debuutwerke.***